NG GEMEENTE
GORDONSBAAI

GEBEDSTEMA

Sondag 9 Junie 2024 - Derde Sondag in Koninkrykstyd
2 Timoteus 1: 6-12

"Want God het ons nie 'n gees van lafhartigheid gegee nie, maar van krag, liefde en selfbeheersing." 2 TIMOTEUS 1:7 (NLV)

Gebed van 'n handopgelegde:
Here U het my geroep. Die genadegawe is deur handoplegging aan my bevestig. U het U volledig aan my openbaar. Ek weet wie U is en wat U vir my gedoen en gegee het. U het deur U Gees in my kom woon.
Here vergewe my dat ek steeds so bang en lafhartig is. Ek berou dit dat ek voortdurend teen U weerstand bied. Ek bely my gedagtes, woorde en dade wat my eie gemak, welsyn en wil voorop stel.
Ek bely dat ek myself en ander selfs oortuig dat dit ook is wat U vir my sê: "Die Here sê ..."
Soos die dissipels van ouds verwag ek tot op die laaste dat U nou my koninkryk sal oprig. (Matt. 28)
Ek bely dat ek dikwels in U naam U Woord so verkondig dat daar geen liefde in is nie, dat ek my selfbeheersing verloor en ander in die proses verneder en verdryf. Dat ek 'n klinkende simbaal word wat net 'n lawaai maak.
Daarom bid ek Here in die eerste plek om sonder vrees en manmoedig myself voor U bloot te stel en soos Dawid te bely (Ps. 139): "Deurgrond my Here en kyk of ek op die regte pad is" Gee my die moed om my self onder beheer van U Gees te bring en laat my binne die kragveld van U liefde lewe.
Leer U my die balans van die lewe. Ek wil nie verder terugdeins en op geen manier my skaam vir my getuienis nie en vir die ontberinge wat daarmee saamgaan nie.
Ek is bereid om my deel van die lyding vir die evangelie deur U krag te dra.
U het my verlos en geroep met 'n heilige roeping – nie op grond van my dade nie, maar op grond van U eie besluit en genade. Reeds van ewigheid af is dit in Christus Jesus aan my geskenk, en nou geopenbaar deur die verskyning van my Verlosser, Christus Jesus,
wat die dood vernietig het, en die lewe en die onverganklikheid deur die evangelie aan die lig gebring het.
Hiervoor is ek as prediker, apostel en leraar aangestel. Amen

Vanuit "Luister en Deel" - Dinsdae om 10:00 by Kusweg.

Wees 'n biddende lidmaat
Kontakpersoon: Erik Brits by 082 883 2520